Wes-Kaapse Regering
Landbou
BETER TESAME.

Weeklikse graanmarkverslag

Bemarking- en Agribesigheidsafdeling www.elsenburg.com

19 Junie 2015

Carine van Zyl
Tel: (021) 808 5189

1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 19 Junie 2015 vir koringlewering in Junie was R3 827 per ton gelewer te Randfontein.

	MTM-pryse (19/06/2015) R/mt					Week eindig R/mt 12/06/2015	Vergelykende verhandelings-dag R/mt 20/06/2014	% Verandering
Kommoditeit	***Jun-15***	***Jul-15***	***Sep-15***	***Des-15***	***Mar-16***	***Jun-15***	***Jun-14***	***Jun-14 tot Jun-15***
Koring (RFTN)	3827	3847	3873	3850	3909	3855	3783	1%
Geelmielies	2490	2508	2560	2594	2574	2470	1940	28%
Witmielies	2925	2930	2967	30027	3037	2837	1832	60%
Sonneblom	5308	5334	5425	5498	-	5341	4645	14%
Sojabone 50ton	4845	4860	4937	5028	-	4754	5703	-15%
Sorghum	-	2800	2775	-	-	2705 **(Jul-15)**	2500 **(Jul-14)**	12% **(Jul-14 to Jul-15)**

Bron: *SAFEX,* 2014 & 2015

Wintergewasse: Die koringprys vir lewering in Junie het die week op R3 827 per ton gesluit, R28 per ton laer as die vorige week en R44 per ton hoër as die vergelykende verhandelingsdag in 2014. Internasionale koringvoorraad is voldoende en oefen druk uit op die internasionale mark, dus sal pryse na verwagting voorlopig sywaarts beweeg.

In mid-Junie is die lank verwagte aanpassing op die koringinvoertarief gemaak. Die tarief is vanaf R461 per ton met R339 per ton verhoog; met die nuwe tarief dus op R800.10 per ton ingevoerde koring.

Die Wes-Kaap het sedert die eerste week in Junie gunstiger weer vir die wintergraan-aanplantings beleef, maar met die winterreën wat so laat in dele van die Overberg en die Swartland geval het, het 'n "skrikwekkende" onkruidprobleem veroorsaak, veral in garslande wat op koringstoppels geplant is (*Landbouweekblad*, 2015). Volgens *Graan SA* sal die totale hektare met koring beplant nie baie van die vorige seisoen verskil nie, maar daar is wel 'n afname in kanola-aanplantings opgemerk en 'n effense toename vir die garsaanplantings voorsien. Nog reën en koue weer word vir die Wes-Kaapse koringproduksie-area voorspel. Gevolglik kan reën die koringprys onder druk laat kom.

Die *Nasionale Oesskattingkomitee* (*NOK)* het teen einde April die voorneme om wintergewasse aan te plant (gebaseer op toestande soos teen mid-April 2015) bekend gemaak. Die koringaanplantings is op 481 300 hektaar gereken, met die voornemende kanola- en moutgars-oppervlak onderskeidelik op 85 000 hektaar en 95 800 hektaar (*NOK*, 2015). Die voorlopige oppervlakte beplant word op **28 Julie 2015** deur *NOK* bekend gemaak.

***Transnet* beplan om verskeie vennootskappe met die privaat sektor te sluit om sodoende meer landbouprodukte per spoor te vervoer.** Suid-Afrikaanse paaie is reeds erg onder druk oor die afgelope jare met die skerp toename oor die hoeveelheid gewone voertuie, maar die toename in die hoeveelheid vragmotors het ook toegeneem. Tussen 2012 en 2014 het die totale hoeveelhed vragvervoer volumes met 4.7% gegroei.

Transnet hoop dat die vernnootskappe die spoorvragvervoer in die land sal verbeter. Die plan is verder om spesiale waens te ontwikkel in die vorm van 'n vragmotorwa wat motorbande vir die pad gebruik, en 'n staalwiel vir die spoor gebruik. Met diè poging reken *Transnet* dat daar nie met vragmotors meegeding word nie, maar dat daar eerder saam met hulle gewerk sal word. Na jare van agteruitgang in die vrag wat per spoor vervoer word, kan so 'n initiatief dalk net die antwoord wees.

Van 6 tot 12 Junie is daar 3 001 ton koring van Kanada af ingevoer (*SAGIS*, 2015). In totaal is daar nou reeds die seisoen 55 380 ton koring vanuit Kanada na Suid-Afrika ingevoer, die invoere verteenwoordig 4.26% van die 1 300 113 ton - die seisoenale progressiewe koringinvoere (*SAGIS*, 2015).

Tydens die week, 6-12 Junie is daar 7 900 ton uitgevoer; 2 190 ton na Botswana, 2 320 ton na Zambië, 2 271 ton na Zimbabwe en kleiner hoeveelhede na Namibië en Swaziland. In die voorafgaande drie weke is daar gemiddeld 6 600 ton koring per week na die buurlande uitgevoer. Die totale koringuitvoere vir die seisoen (vanaf 27 September 2014) staan op 205 615 ton (*SAGIS,* 2015).

Die vorige week, tot 5 Junie 2015, is daar 3 845 ton gelewer, maar gedurende die week 6-12 Junie is daar slegs die helfte van die hoeveelheid gelewer. Die *SAGIS* koringleweringssyfer vir die seisoen word tans op 1 699 365 ton gereken (*SAGIS,* 2015), nog kort op die finale oesskatting.

<u>Somergewasse</u>: Die 4de oesskatting vir somergewasse wat aan die einde van Mei bekend gestel is, het die oesskatting vir mielies op 9 840 050 ton gedui, 0.79% (77 500 ton) hoër as die vorige skatting (*NOK,* 2015). Onderskeidelik word die wit- en geelmielieproduksie op 4 731 800 ton (+1.57% op die vorige skatting) en 5 108 250 ton (+0.09%) geskat. Die totale mielie-oes is tans 4 409 950 ton (31%) kleiner as die 2014-oes van 14 250 000 ton. Die mielie-aanplantingsoppervlak word onverandered op 2 652 850 hektaar geskat (*NOK,* 2015). Die 5de oesskatting word op **30 Junie 2015** bekend gemaak.

Vanaf 6 Junie tot 12 Junie 2015 is daar 382 843 ton witmielies en 464 484 ton geelmielies per week deur produsente gelewer (*SAGIS,* 2015). Diè lewerings bring die progressiewe lewerings vanaf 25 April 2015 tot 1 574 642 ton witmielies en 464 484 ton geelmielies (*SAGIS,* 2015). Die leweringstempo van mielies tel steeds op sedert die begin van die seisoen.

Die laer opbrengs verwagting vir die seisoen ondersteun steeds die mielieprys soos die oeslewerings besig is om in te kom. Pryse sal na verwagting sywaarts beweeg met afwaartse potensiaal in die korttermyn a.g.v. die oesdruk. Die prys is egter in 'n stewige posisie ten spyte van die die Rand se versterking, a.g.v die sterk internasionale markte. Die prys vir geel- en witmielies vir lewering in Junie het onderskeidelik die week op R2 490 per ton en R2 925 per ton gesluit (*SAFEX,* 2015). Die geelmielies is R20 per ton hoër as die vorige week, terwyl die prys van witmielies die week R88 per ton hoër as die vorige week gesluit het. Die prys vir geel- en witmielielewering was verder onderskeidelik 28% (R496 per ton) en 60% (R966 per ton) hoër as die vorige jaar se vergelykende verhandelingsdag van 2014. Die langer termyn vooruitsig toon egter verbeterde verwagting van die a.g.v die laer opbrengstes as die vorige jaar. Die grafieke toon die plaaslike geel- en witmieliepryse teenoor die in- en uitvoerpariteit, soos deur *FNB* bekend gemaak. Dit is duidelike uit die grafieke dat die mielieprys al nader aan invoerpariteit beweeg, maar die prys van witmielies is bykans gelyk aan die invoerpariteit.







Teen 28 April was daar reeds amptelik 65 250 ton geelmielies ingevoer (*SAGIS*, 2015), 'n verdere 33 138 ton geelmielies is gedurende die week 9-15 Mei vanaf Argentinië ingevoer, nog 29 422 ton geelmielies het van 6-12 Junie vanaf Argentinië ingekom. Suid-Afrika het selfs die eerste witmielies ingevoer; alhoewel slegs 67 ton vanaf Zambië (*SAGIS*, 2015). Tot Maart 2016 sal daar na verwagting 934 000 ton geelmielies in totaal ingevoer word. "*This increase in importation is having a significant knock-on effect for the consumer, as high inflation is resulting in maize becoming a less affordable staple food for South African consumers. As such, local maize consumption has steadily declined since 2013, as price-sensitive consumers turn to cheaper alternatives such as rice*," (*Insight Survey*, 2015).

Mielie-uitvoere vir die week 6-12 Junie is gereken op 5 543 ton witmielies en 2 929 ton geelmielies, die mielies was hoofsaaklik vir buurlande bestem (*SAGIS,* 2015). Diè uitvoere bring die totale uitvoere vir die seisoen vanaf 25 April tot 12 Junie 2015 op 47 046 ton witmielies en 25 736 ton geelmielies (*SAGIS*, 2015).

2. EKONOMIE & ENERGIE

Geen verbetering kan vir die Griekse situasie verwag word nie; "*while Greece somehow manages to keep living beyond each supposed 'deadline', it seems as though it is now at death's door* (*RMB*, 2015). Die *Eurozone* praat nou openlik oor die moontlikheid dat Griekeland die zone moet verlaat, maar die Griekse President hou steeds vol met "*tough talk*". Teen

Woensdag, "*the day should, theoretically, had been dominated by concerns over Greece, but the market seems so tired of this unending saga and doublespeak that we will not be surprised if the rand settles down into quiet ranges*" (*RMB,* 2015).

Sedert Mei verhandel Brent ru-olieprys reeds bo $60 per vat, die week het die prys net minder as $63 per vat verhandel. Diè algehele styging in die prys sedert Maart is meegebring deur die hoër vraag en die ander faktore, ingesluit die "*geopolitical turmoil*" (*FIN24*, 2015). Diè weeklikse daling in die prys van bo $63 per vat kom egter vanaf die situasie in Griekeland en die moontlike terugkeer van Iran se olieproduksie. Markte volg "*the Greek debt crisis and the ongoing nuclear negotiations between Iran and the big six powers (Britain, China, France, Germany, Russia and the United States)*" (*FIN24*, 2015). Iran het die wêreld se 4de oliereserwes, maar hul uitvoere is nou slegs 1.3 miljoen vate per dag, teenoor die 2.2 miljoen ton vate per dag wat in 2011 geproduseer is a.g.v. die sanksies teen die land (*FIN24*, 2105).

Op plaaslike front is daar 'n 50% kans dat die land se energie verskaffing binnekort 'n totale stilstand kan bereik volgens die energie-analis, Ted Blom (*FIN24*, 2015), tydens die *National Energy Regulator of SA (Nersa)* publieke verhoor in sake Eskom se aansoek om tariewe verder te verhoog. *Eskom* het aansoek gedoen vir 'n 24.78% verhoging, maar het reeds 'n 12.6% verhoging ontvang as deel van die 24.7% verhoging waarvoor hul aansoek doen (*FIN24*, 2015).

RMB het verwag dat die verbruikersprysinflasie (VPI) in Mei gestabiliseer het, met die kerninflasie op 5.6% jaar-tot-jaar en die hooflyninflasie 4.5% jaar-tot-jaar. Die *Suid-Afrikaanse Reserwe Bank (SARB)* het die onderskeie inflasiessyfers egter op 5.7% en 4.6% aangekondig, in lyn met die *RMB* verwagting. Na verwagting sal inflasie vir Junie begin daal, maar rentekoerse sal waarskynlik in Julie styg (*RMB*, 2015).

Die brandstofpryse sal na verwagting op 1 Julie 2015 styg. "*It expects the price of petrol to increase by between 43 cents and 46 cents a litre, while diesel and illuminating paraffin will be less affected, with price increases of only around 6 cents*" (*NEWS24*, 2015).

Die Rand se geweegde gemiddelde koers teen 10h30, 19 Junie 2015 waarteen dit teenoor die *VS-Dollar* verhandel het, was R12.27 (*Reserwe Bank*, 2015). Die *Britse pond* het Vrydag teen R19.47 en die *Euro* het teen R13.88 teenoor die Rand verhandel (*Reserwe Bank*, 2015).





3. INTERNASIONALE SITUASIE

Internasionale nuus word weer in 'n volgende verslag bespreek.